UITINGE

Saam met hierdie getuienisse en erkennings van ons heengegane suster, wil ek graag ook hierdie woorde nalaat. My eerste kennismaking met die familie Bell was met haar man, Jimmy, wat so ’n boesemvriend was van my vader wat oorlede is. En toe met verloop van jare, het ek ’n prediker geword en het kennis gemaak met Suster Bell, en het haar geken as ’n ware toegewyde Christen. Ons sal haar almal mis, oral. Dis so maklik om woorde oor so iemand te sê, omdat jy nie enigiets hoef terug te hou nie. Sy was wat vereis was om ’n Christen te wees.

2 Toe ek die suster hoor sing het, ’n paar oomblikke gelede, het dit my net soveel aan haar sang herinner, soos ons haar hierrond ken. Sy was lief vir sing. Ek’s so bly dit is gedoen, want dit het waarlik gemaak soos wat Suster Bell sou gevoel het. Sy sou haar graag op daardie manier wou uitdruk. My gebed, en opregte gebed is, dat ons almal aan die einde van die pad sal kom met ’n getuienis soos wat sy gehad het.

3 Ek wil graag iets hier uit die Skrif lees, net ’n gedeelte. Ek voel sy was so ’n groot liefhebber van God se Woord, en Sy Woord is so Ewig. En ek het gedink ek sal ’n gedeelte lees van die 14de hoofstuk van—van Job.

> *Die mens uit ’n vrou gebore, is kort van dae en sat van onrus.*
>
> *Hy spruit uit soos ’n blom en verwelk; ook vlug hy soos ’n skaduwee en hou nie stand nie.*
>
> *. . . oor so een maak U die oë oop, en U bring my voor U gereg.*
>
> *Ag, kon maar ’n reine voortkom uit ’n onreine—nie een nie!*
>
> *As dan sy dae vasgestel is, die getal van sy maande by U is, U vir hom grense gestel het waar hy nie oor kan gaan nie,*
>
> *kyk dan weg van hom af, dat hy kan rus—totdat hy soos ’n dagloner hom tevrede voel met sy dag.*
>
> *Want vir ’n boom is daar verwagting: as dit afgekap word, loop dit weer uit en sy loot ontbreek nie.*
>
> *As sy wortel oud word in die aarde en sy stam sterf in die stof—*
>
> *van die reuk van die water spruit dit weer uit, en dit maak ’n . . . soos ’n jong plantjie.*
>
> *Maar ’n man sterwe en is magteloos; ja . . . blaas die asem uit en—waar is hy?*

Die waters verdwyn uit die groot waterplas, en die vloede vergaan *en lê droog—*

so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hulle slaap opgewek nie.

Ag as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat U toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink! . . .

As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; ek . . .

U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van U hande sou U verlang.

Want nou tel U my voetstappe. Let U nie op my sonde nie?

4 Gelees uit die Ewige Woord, wil ek graag hê ons moet aan net een woord dink vir 'n paar oomblikke, en daardie woord is: *Uitinge.*

5 Daar's soveel van die lewe wat uitinge is. En daar is niemand wat op aarde leef nie of eenmaal in sy lewe moet hy stilstaan en dink oor waar hy vandaan kom, wat sy doel hier is, en waarheen hy hierna gaan. Elkeen wil, sou graag agter die gordyn wou kyk.

6 Het gelees hier uit die oudste Boek in die Bybel, Job, hierdie patriarg, hy het hierdie einste ding probeer vind. En hy het uiting gegee aan sy impuls van God, het verklaar dat Hy 'n—'n lewe na die dood was.

7 Ons voel soms dat hierdie, wanneer ons met iets soos hierdie gekonfronteer word, dat hierdie al is. Maar dit is nie. Dis die verandering. Dis die . . . 'n stap hoër. Dis oorgaan uit een lewe in 'n ander in.

8 En Job, die profeet, soos hy oor hierdie dinge gedink het, het hy dit opgemerk in botanie, plantlewe, boomlewe. Toe het hy opgelet dat, hoedat God in Sy skepping moes wees; dat as Hy die skepping gemaak het, dan moet Hy in die skepping lewe, want Hy het dit met 'n doel gemaak, vir Homself om in te lewe, soos 'n huis wat 'n man sou bou. Hierdie nietige lewetjies wat in God se hele skepping is, is onderworpe aan hulle Maker. En hy het gedink, dat, as 'n storm aangekom het en 'n magtige boom sou neerfel, tog, was dit nie die einde van daardie boom nie. Dit sou weer lewe. As die boom gesterf het, sou dit lewe.

9 En baiekeer, wanneer ons verbouereerd raak, as ons maar net om ons heen sou kyk, jy kan God oral sien. Nou sal ons Hom neem, soos in die boom, as die boom hier geplaas is.

10 En alles is hier om 'n doel te dien, net soos ons hier is om 'n doel te dien, net soos ons suster hier was om 'n doel te dien. Ons is almal hier vir 'n doel van God, as ons kan vind wat daardie doel

is en dit dan goed dien. Daar, sekerlik, as God genoeg omgee vir ’n wederopstanding van botaniese lewe, gee Hy genoeg om vir ’n wederopstanding van menslike lewe.

11 So Job het opgelet, die patriarg, dat—dat die boom, as dit doodgegaan het, het dit weer gelewe. En hoedat somer en winter sy wese verander het, en elke dag ’n getuienis gelaat het. Hy het opgelet dat die—die boom in die somertyd geleef het, en skynbaar het dit in die wintertyd doodgegaan, die blare wat aan die boom gehang het.

12 Nou, ons word in die Skrif geleer, dat, daar ’n Boom van die Lewe is. Dit was in die tuin van Eden. En hierdie Boom van die Lewe is waar Christene hang, as ’n blaar aan hierdie Boom.

13 En nou in die wintertyd, wanneer die blare mooi is, wel, hulle . . . Of, in die somertyd, liewer; wanneer die blare mooi en groen is, kom later ryp en kleur hulle verskillende kleure, en hulle val van die boom af. En die lewe gaan terug in die wortel van die boom in. As ons net oplet, dis ’n raaiselagtige ding.

14 Hier ’n ruk gelede, is ek gekonfronteer, om te praat met ’n man wat voorgegee het ’n nie-gelowige, ’n ongelowige te wees. En ons het gestaan by ’n appelboom wat aan hom behoort het. En ek het hom gevra hoe oud die boom was, en hy het my vertel soveel jare, en hoeveel boesels appels dit elke jaar geproduseer het. En dit was in die vroeë deel van Augustus, en ek het geweet, het opgelet die appels het alreeds afgeval, en die blare was aan die bruin word. En ek het vir hom gesê: “Ek wil jou graag ’n vraag vra.” En ek het vir hom gesê: “Waarom word daardie blare bruin en val van die boom af voor enige ryp hulle tref?”

15 “Wel,” het hy gesê: “dis winter wat aankom. En waarom hulle bruin word, is omdat die lewe die blaar verlaat het.”

Ek het gesê: “Waarheen het die lewe gegaan?”

16 En hy het vir my gesê: “Terug na die wortel van die boom, waar dit vandaan gekom het.”

En ek het gevra: “Is dit die laaste van die blaar?”

17 Hy het gesê: “Nee. Daardie lewe sal weer terugkeer volgende lente, met ’n nuwe blaar.” Hy het dit nooit tevore opgelet nie.

18 Ek het gesê: “Dan, vra ek jou, meneer, sê my, watter Intelligensie vat daardie blaar van die boom af, selfs voor koue weer, en stuur sy lewe terug in die grond in, vir veiligheid, tot die koms van nog ’n seisoen. Jy sou water in ’n emmer kon sit en dit op ’n paal plaas, dit sal nooit saam met die seisoen verander nie. So dit wys dat daar ’n God is Wat lewe bestuur.”

19 En ons wat aanspraak maak daarop om Christene te wees, wat gebore is uit die Gees van God, is, deur die genade van God, oorgeplaas van ’n boom van die dood na ’n boom van Lewe. En wanneer een van die blare afval, soos ek daardie getuienis gehoor het van die . . . hierdie wonderlike kerk, aan die Gilt Edge

Baptiste kerk, waar baie van my kosbare vriende lidmate is, waar een van sy blare afgeval het. Ons weet dat daardie lewe teruggekeer het na die God Wat dit vir 'n doel gegee het, slegs om weer te kom in die algemene opstanding, nooit weer te val nie, in die Millennium. Die wonderlike tyd is aan die kom.

20 Job het hierdie dinge opgelet. Toe merk hy op in die lewe van die son.

21 As julle sal oplet, in die oggend, kom die son op, dis 'n baba. Sy strale is swak. Dan kom dit in sy tienerjare, omtrent nege- of tienuur. Dan op die middag, die middel van die dag, is dit in sy krag. Dan begin dit sak, en gaan uiteindelik onder in die Weste, soos dit uitsterf vir die dag. Sou ons dit die einde van die son kon noem? Nee. Die volgende oggend kom dit weer op, om vir ons 'n nuwe dag te bring.

22 Nou, wat is dit? Dis God se uiting. En die woord *uiting* beteken "om 'n gevoel bekend te maak." Dis God se uiting, uiting teenoor ons, om ons Sy gevoel vir ons bekend te maak, dat dood ons nie Ewiglik skei nie. Ons sal weer opstaan, weer terugkeer.

23 Elke keer wat die saad in die aarde sterf, in die herfs van die jaar, net soos hierdie blomme, val hulle, die klein saadjies uit hulle uit wanneer ryp hulle tref, en die saad gaan af op die grond. En so vreemd as wat dit skyn te wees, tog is dit die waarheid, God is so oneindig dat Hy niks oorslaan nie. Hy het 'n begrafnisstoet vir Sy blom. Na die ryp hulle tref, dan kom die herfsreëns, en yslike groot trane, van druppels reën, val uit die hemel, en begrawe daardie blomsaad, tik daarop, en dit gaan dalk 'n duim of twee onder die grond. Dan begin die koue winterwinde vee, en—en is die blomblaartjies weg, en die halm is weg, en dan vries die bol en verdroog. En dan vries die saadjie, en die pulp loop daaruit. En, wel, teen lentetyd kan jy niks daarvan oor kry nie.

24 Maar is dit die einde van die blom? Nooit. Dit is daar geplaas met 'n doel. En wanneer dit sy doel gedien het, dan laat God ons weet, deur die blom, Sy uiting teenoor ons.

25 Net so seker as die son 'n bietjie nader aan die aarde kom, om 'n warmer straal te bring, sou jy daardie lewe nêrens kon wegsteek nie. Jy sou dit met 'n klip kon toemaak. Het julle ooit opgelet wanneer jy jou beton in die wintertyd gooi, waar is die gras die digste in die lente? Reg rondom die rant van die beton. Waarom is dit? Dis daardie lewe wat onder die klip is. Wanneer die son die aarde begin baai, kan jy lewe nie vashou nie. Dit sal sy weg vind onder die beton uit en sy koppie opsteek om God te prys, want die son is die opstanding. Die s-o-n [Eng. "s-u-n"—Vert.] is die opstanding van alle plantkunde-lewe. Jy kan dit nie wegsteek solank die son skyn nie.

26 Die S-e-u-n [Eng. "S-o-n"—Vert.] is skynbaar, baiekeer, ver weg. Maar wanneer Hy begin skyn: "Sal die Son van geregtigheid opgaan met genesings in Sy vleuels." En elke lewe, maak nie

saak waar dit begrawe is, hoe diep, hoe ver in die waters, of in die sande, in die rotse nie, dit sal opstaan tot die heerlikheid van God.

27 Want, God gee uiting teenoor ons, wys ons net wat Hy doen. Sy doel is om ons te wys, deur die blomme, deur die son, deur die bome, deur alle lewe, dat Hy die opstanding en die Lewe is. God laat Sy Lewe opstaan wanneer dit Sy doel dien.

28 En as die blom sy doel dien, en God 'n opstanding vir die blom het, hoeveel te meer vir ons suster wat haar doel in die lewe dien. God het 'n opstanding vir hulle wat hulle doel dien. Ons kan ons doel vind en hulle dan dien.

29 Hierdie blommetjies, julle kan dalk oor hulle vra. Hulle is hier, vanmiddag, om 'n doel te dien. Dis wat hierdie blomme, waarvoor God hulle gehad het, om 'n doel te dien. Voort en voort sou dit kon gaan.

30 As julle oplet, hierdie blomme is nie almal dieselfde blomkleure nie. Hulle verskil in kleur, wys dat God 'n God van verskeidenheid is. Hy hou van verskillende kleure. Dit saam vermeng, maak die ruiker wat Hy liefhet. God, 'n God van verskeidenheid. Hy het Sy wit blomme. Hy het Sy rooi blomme. En Sy, alle kleure van blomme, en hulle saam te sit, dien Sy doel.

31 Hy het groot berge, en klein heuweltjies, en vlaktes. Hy het woestyne. Hy het seë. Hy het die eikeboom, die palmboom. Alles smelt saam in hulle plek, waar God, die God van die hele natuur, kan lewe en Sy bestaan kan geniet, as lewend in Sy skepsels in tyd, wat Sy doel dien.

32 As Hy daaraan dink om dit te laat opstaan, en 'n uitweg gemaak het daarvoor, vir diens weer in die toekoms, hoeveel te meer het Hy vir mense, ongeag wie ons is, watter ras, kleur, geloof, of wat nog, wat kan saamwoon in die eenheid van God se Teenwoordigheid en Sy seëning. Daar sal 'n opstanding wees, eendag, net so seker as wat daar 'n opstanding vir die blom is. Ons almal sien dit. Ons almal glo dit. Ons almal weet dat hierdie dinge almal uiting is. Hulle getuig, sê vir ons, maak bekend 'n gevoel wat God wil hê ons moet weet.

33 Mense wat hierdie blomme gestuur het, die vriende van ons suster wat hierdie blomme gestuur het, hulle maak ook bekend aan die familie, gee uiting teenoor hulle aan hulle gevoel van simpatie met 'n vriend, of 'n suster, of—of geliefde. Hulle probeer uiting gee aan. Hulle is uitinge, maak bekend, verklaar iets.

34 Al hierdie dinge waaroor ons sou kon praat, vir ure, die uitinge van God teenoor die menslike ras, hulle almal het hulle doel, en hulle dien dit goed. Elke blom, elke boom, elke sonsopkoms, elke sonsondergang, alles vertolk hulle rol goed. Maar al daardie uitinge van God, maak bekend aan ons, en gee 'n voorbeeld vir ons, dat Hy eendag 'n groot uiting sou maak, 'n Ewige uiting.

35 Toe het Hy Sy vergestalte beeld vir ons gestuur, in die vorm van Sy Seun. God het Sy Seun gestuur, na die vergestalte beeld van Homself, om aan die menslike ras te verklaar wat Hy van ons gedink het. Hy het Sy rolverdeling verander. Hy het mens geword. Hy het een van ons geword.

36 Van God, die Ewige Vader, van die groot Skepper Wat, voor daar 'n wêreld was, alle ruimte, tyd gevul het. Daar was nie eers 'n—'n meter of 'n ligmeter nie, ook was daar geen atoom of 'n molekuul nie, Hy was steeds God. En Hy sal altyd God wees. Maar die groot Een Wat. . . As julle sou kon opkyk in die nag en die sterre sien in die sonnestelsel. 'n Paar jaar gelede, het ek die voorreg gehad om deur hierdie groot teleskoop te kyk, en waar hulle beweer jy kan 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar van ligruim sien, ligmeters. En anderkant dit is daar steeds mane en sterre en wêrelde, wat Hy beheer.

37 En dan was Hy so gedagtig aan ons om 'n uiting teenoor ons te maak, geweet dat Hy so groot is. Nogtans, Hy het neergedaal in die vorm van 'n menslike wese, om uiting te gee aan wat Hy was. Hy het 'n Man van smarte geword, bekend met lyding. Hy het 'n menslike lewe gelei. Hy het geen plek gehad om Sy hoof neer te lê nie. Hy het uiting gegee aan wat Dit, wat God was. Hy het ons siekes genees wanneer ons siek was. Hy het die dooies opgewek, om te wys dat Hy God se vergestalte beeld was. Hy het 'n plan neergelê vir ons almal, dat waar ons ook na hierdie klein uitinge sou kon kyk en God sien. Dan sou ons kon opkyk en God se groot uiting sien, en die versekering hê, dan, dat wanneer hierdie ure kom, dit nie die einde daarvan is nie.

38 Ek hou van die uiting wat ons suster gemaak het, in sang, 'n paar oomblikke gelede: "Dit is my suster. Ek kon dit nie op hierdie wyse gesing het as sy nie geweet het waar sy was nie." Sien?

39 Daar is 'n manier hoe ons weet waarheen ons gaan, omdat die vergestalte beeld van God hierdie plan neergelê het. En, het Hy gesê, wie ook al hierdie plan sou aanvaar, sal Ewige Lewe hê. Johannes 5:24 het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood tot die Lewe."

40 Die grootste uiting van alles was Jesus Christus, Wat vir ons 'n weg berei het. Hy het al die uitinge vervul en bevestig wat hierdie blomme, en plantlewe, ensovoorts, en die son, en die sonnestelsel van getuig het voor Sy Koms, dat daar 'n Regverdige sou kom wat ons Dit vas sou laat glo, omdat Hy die vergestalte beeld van God sou wees. En toe Hy gekom het, en gedoen het wat Hy het, het Hy bewys dat hierdie uitinge reg was. Hy het bevestiging van hulle gegee. Want, soos 'n blom weer opstaan, die boom weer opstaan, die son weer opkom, so sal die Christen weer opstaan. Dit moet wees. Want God, in die vergestalte beeld

van 'n menslike wese, of 'n menslike wese in die vergestalte beeld van God, het dit bewys deur Sy opstanding.

41 Dan, daarin, toe die profeet hierdie dinge gesien gebeur het; Job, toe hy al die plantlewe ensovoorts gesien het. Dan, ons wat bekend is met die Bybel, weet dit. Gesit op hierdie hoop as, in ellende, teenspoed het hom getref. Sy kerklidmate het hom gesê dat hy was 'n . . . heimlik gesondig het.

42 Baiekeer is gesê, dat: "'n Persoon sterf voortydig, of iets, dat hulle dalk een of ander sonde gedoen het. Hulle het iets verkeerds gedoen." Nie . . . Dit is nie die geval met 'n Christen nie.

43 Toe hy hierdie groot, finale uiting gesien het, God Sy plan deur Jesus Christus bekend maak, het hy met 'n stem uitgeroep. Toe die weerligte flits en donderslae dreun, het hy gesê: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. En alhoewel nadat die velwurms my liggaam verteer het, tog sal ek in my vlees God sien, vir Wie ek self sal aanskou." Hy het daardie finale uiting gesien, baie honderde jare vooruit. Maar, synde 'n profeet, het hy in die visioen die koms gesien van God se groot uiting.

44 Hy kon neerkyk en die opstanding van die sade sien. Hy kon die opstanding van die bome sien. En die opstanding van die son, nadat dit sy tyd gedien het, en weer opgestaan het; het gedien vir 'n dag, het opgestaan vir nog 'n dag. Blomme vir een begrafnisdiens, sterf, en staan op vir 'n ander se begrafnisdiens. Alles dien sy doel. Toe het hy, in die verte, die Koms van daardie Regverdige gesien, en uitgeroep: "Ek weet my Verlosser leef."

45 "My vlees sal in hoop rus," het Dawid gesê: "omdat Hy nie sal toelaat dat Sy Heilige verderwing sien nie; ook sal Hy nie Sy siel in die hel agterlaat nie." Hy het daardie dag gesien, daardie volmaakte uiting van God, wat Hy sou gaan doen; en bekend te maak, aan die mens, dat dood nie die einde van die pad is nie.

46 Hierdie is nie die einde nie. Dit is die begin. Dis die einde van smart. Dis die einde van tyd van besluitneming. Maar dis begin van tyd vir vreugde en beloning. Dis nie die einde van alles nie. Dis slegs die einde van die—van die sterflike dinge, om die onsterflike dinge te begin. Sy het na haar rus gegaan. Laat God haar siel laat rus.

47 Nou, hy het hierdie groot uiting uitgeroep, omdat hy gesien het wat gaan gebeur.

48 Nou laat ons tot hierdie gevolgtrekking kom. Ons het vandag hier vergader om—om uiting te gee aan, of om ons gevoel bekend te maak oor 'n naaste, oor 'n suster, oor 'n eggenote, oor 'n moeder. Dis waarom ons vanmiddag bymekaar gekom het; om bekend te maak, uiting te gee aan ons gevoel, ons verlies. Dis waarom ons hier is, om dit te doen. Die vader om uiting te gee aan die verlies van die eggenote; die kinders, die moeder; die bure, of die suster.

49 Ons predikers. Soos ek gehoor het, daar deur die gebou, gee daardie wonderlike, glorieryke, vertroostende kommentare, duidelik, oor wat die suster vir hulle beteken het, en in hulle gemeente. Ons predikers kom, vanmiddag. Natuurlik, in ons harte, voel ons ook treurig. Maar ons het ook gekom om ’n uiting van God bekend te maak, Sy Waarheid oor hierdie hele saak. Ons het gekom om uiting te gee aan wat God hieroor sê, om die harte van die mense te vertroos; om hulle te laat weet, so erg as wat die skok mag wees, tog is dit in die voorsienigheid van die Almagtige God om dit op hierdie manier te doen, en dis Sy plan. En hierdie is nie die einde nie. Hierdie is die begin van ’n nuwe lewe.

50 Dan kom ons, vir wie God in Sy Woord onderrig, oor hierdie dinge, ons kom om ons uiting te gee. En hoe gelukkig is ek oor hierdie een vanmiddag, dat ons almal kan uiting gee aan dieselfde ding teenoor die Woord van God, omdat sy Dit vervul het.

51 Suster Bell, soos ons haar hier by die tabernakel geken het, ’n lieflike, geheiligde Christenvrou, sy het ook haar uitinge gemaak. Sy het haar gevoel teenoor God bekend gemaak. Soos ek die lewensskets gelees gehoor het, ’n ruk gelede, selfs voor Broer Jim met haar getrou het, veronderstel ek, daar in Tennessee, het sy haar besluit geneem. Sy het haar uiting gegee. So, dis die getuienisse. En vir sover ek weet, sedert daardie dag, het nooit opgehou om daaraan uiting te gee nie. Miskien, vandag, soos oor die gange van die Hemel, êrens oorkant in die Ewige ryke van Heerlikheid, bewandel die strate van God, gee steeds uiting daaraan. Anderkant hierdie skaduwees van die sterflike ryk, gee sy steeds uiting daaraan.

52 Suster Bell, soos ons haar ken, was nie skaam oor haar getuienis nie. Nie een keer was daar enige gebloos oor haar getuienis nie. Nie een keer was sy onwillig om iets te sê nie. Sy het uiting gegee daaraan, en sy was nie skaam nie. Hoe het ek haar nie daar agter sien staan met haar hande in die lug, en die trane wat teen haar wange afloop nie. Haar sien staan hier op hierdie preekstoel, en liedere sing wat die hele kerk in vervoering sou laat, van ’n Land, ver anderkant hier te wees. Sy was nie skaam nie. Sy gee haar uiting oral. Elke naaste, elke kerk, oral waar sy geaffilieer was, het sy haar bekend gemaak, uiting gegee aan wat sy oor God gedink het. Waar haar lewe, al wat sy kon wees, sy het uiting gegee aan wat sy in Christus Jesus was, ’n wedergebore skepsel.

53 Sy was ’n lieflike vriendin vir my liewe ou moeder wat—wat dieselfde treetjies geklim het, ’n paar weke gelede. Vandag, is hulle bymekaar.

54 Watter wonderlike ding is dit nie, om die uitinge te sien, hoe God maak. Haar briewe; Suster Bell. Elke keer wat ek sou tuiskom, sou Billy, my seun, my ’n pak briewe bring,

telefoonoproepe, voortdurend, van Suster Bell. "Bid vir *hierdie* een. Bid vir *daardie* een." Dit, wat het dit gedoen? Vir my, is dit haar uiting, haar bekend maak van wat aan haar binnekant was; 'n las vir haar medemens, 'n las vir haar kinders, 'n las vir elkeen wat hierrond was, en elke siek persoon.

55 Suster Bell het byna deur God se genade gelewe, die laaste paar jaar. Sy was 'n getroue gelowige in God se genesingskrag. En dit het toevallig so gebeur nou die aand. . . Ek het nooit in my lewe vir haar gebed gehad nie, en saam met daardie liewe ou geheiligde gebid nie, tot, of God het haar genees nie.

56 En nou die aand, toe ek geroep is, ek het pas ingekom van Arizona, omstreeks middernag. Hulle het my seun gebel en gesê: "Suster Shepherd, 'n vriendin van Suster Bell, wil hê jy moet vir haar bid. Sy's in die hospitaal." Ek het verstaan dit is Suster Shepherd; een of ander dame, miskien nou in die gebou, met die naam Shepherd, wat sy geken het. Ek het gedink sy was in die hospitaal.

57 Die volgende oggend het hulle teruggebel, omtrent bietjie na elf, en gesê: "Dis nie Suster Shepherd nie. Dit is Suster Bell, self, wat in die hospitaal is." En om dit te sien, die wyse voorsiening en plan van God. Voor hy ooit daar kon kom, het Suster Bell al klaar die goue Trappe geklim. Voor ek daar kon kom, het God sy roos van kleur gepluk, om Sy ruiker vir die Millennium te maak. Voor ek ooit daar kon kom was sy weg om God te ontmoet. God se uiting van Sy liefde!

58 Al hierdie jare van gelukkige huwelik, was 'n uiting van haar lojaliteit as 'n vrou, om 'n huis vir haar man en haar kinders te maak. Dit het daaraan uiting gegee deur die swaar tye, toe klein kêreltjies rondom die tafel, en swaar gegaan het. En, 'n moeder, vat 'n moeder om te weet hoe om dinge bymekaar te sit, om dit te laat hou—hou, wanneer klein honger mondjies rondom die tafel is. Maar, staan by haar man, lojaal, staan by haar kinders, dit was 'n uiting van opregte lojaliteit. Dis voor elkeen van julle. Ek hoef dit nie te sê nie. Julle weet dit is die waarheid. Sien? Ja, meneer.

59 En haar nimmereindigende pleit vir haar kinders! Ek glo nie ek het haar ooit ontmoet, of haar verlaat, sonder dat sy 'n versoek vra vir daardie kinders nie. Dit het ware moederskap getoon, het geweet dat die lewe bloot 'n droom of 'n voorbereidingsplek is vir haar kinders. Sy wou hulle ontmoet in 'n Land ver van hier, waar daar geen swaar tye meer sou wees nie. Sy sou voortdurend vir my sê. . . Sy het my Broer Billy genoem. Sy sou sê: "Broer Billy, bid vir my kinders, dat nie een van hulle sal verlore gaan nie." As dit nie aan ware moederskap uiting gee nie, 'n moeder wat in haar kinders belangstel, belangstel in haar naaste, haar man, haar geliefde! Dis God in die vrou, wat aan Ewige dinge uiting gee.

60 Hoe simpatiseer ek nie met haar man, my goeie vriend, nie. Hoe simpatiseer ek nie met daardie seuns nie, om 'n boodskap te hoor van sommige van hulle in Duitsland en verskillende plekke, 'n moeder het heengegaan. Maar sy kan dalk weg wees uit julle teenwoordigheid hier, seuns, maar sy's nie—sy's nie dood nie. Sy's lewend vir altyd. Sy lewe in 'n Land na waar sy gebid het dat elkeen van julle haar sal ontmoet. Moet haar nie teleurgesteld laat wees nie. Ek's seker sy sal nie.

61 Ek sien een speek uit daardie wiel uit, vanmiddag. Ek onthou toe die eerste speek uit my familie geneem is. Een vir een, sal hulle wegval. Dit sal nie te lank vat nie. Luister. Daardie wiel kan weer saam verenig word, in 'n ander Land waar daar geen gebroke wiele is nie, waar God se groot ekonomie bereik kan word en voortrol deur die eeue. Mag dit so wees, familie. Julle het moeder altyd gehad, wees nou saam met haar vir ewig. Dis reg.

62 Nog 'n ding wat uiting gegee het aan God se liefde. Soos ek verstaan, dat, was haar versoek dat sy nooit oud sou wees en aanhou vertoef, moet vertoef en rondkarwei word in ouderdom, en verskrompel, en—en sieklik, en duim-vir-duim doodgaan nie. God het haar versoek toegestaan. Dis reg. Wel, slegs paar Sondae gelede, het sy hier gestaan op 'n kerkbank, die heerlike Evangelie van Christus besing.

63 Wat is dit? Wat is dit van 'n moeder, wat skynbaar voortydig, omtrent vyf-en-sestig jaar oud, gaan? Wat beteken dit? Dis God wat aan Homself uiting gee, dat: "Hy sal geen goeie ding weerhou van hulle wat opreg voor Hom sal wandel nie." God, gee uiting in haar einste dood, gee God uiting teenoor ons, dat Hy God is, en Hy sal diegene die begeerte van Sy hart, hulle hart gee, wat opreg voor Hom sal wandel.

64 Sien dit, dat Hy God is, en ons moet almal by hierdie plek kom, laat ons dan kyk na Sy tekens van uitinge. Sy liefde, Sy kerk, Sy mense, en alles wat dit is, is alles God se uitinge teenoor ons. Dan dink ek ons behoort almal ons hoofde in nederigheid te buig en God te dank vir hierdie lewe wat, deur Christus, selfs die dood self oorwin het.

65 En dan die Woorde van Jesus, toe Hy na Jaïrus se dogter gegaan het: "Sy's nie dood nie, maar sy slaap." Sy het na haar slaap gegaan en nie na haar dood nie. Want sy het baie jare gelede gesterf, as 'n dogtertjie, en nou lewe sy in Christus, en slegs aan die slaap, vir ons, maar wakker by Christus.

66 Laat ons ons hoofde buig, en dank betuig vir hierdie moedige lewe.

67 Hemelse Vader, natuurlik ken U ons harte, natuurlik ken U die gedagtes in ons gemoed. U weet alles van ons af. Ons is die Skepping van U hand. U weet ons is jammer om Suster Bell van ons weggeneem te sien. Maar, God, ons buig ons hoofde en harte, in dankbaarheid dat haar versoek toegestaan is, en dat U

begeerte vir haar vervul is. Dat, selfs hier aan die einde van die pad, toe haar lewensskets geskryf is in die lewe van almal met wie sy in kontak gekom het, dat sy U dienares was. Mag haar invloed lank lewe in die harte van almal wat haar ken. God, ons bid dat U haar moedige siel sal laat rus in daardie Land wat sy liefgehad het, en oor gepraat en oor gesing het, al hierdie jare.

68 Ek bid vir Jimmy, vanmiddag, Here. Wanneer ek hom daar sien sit; en hy uiting gee aan sy gedagtes waar die kristalagtige trane teen sy wange afrol. Hy dink aan 'n lojale vrou. En van hierdie kinders wat die trane loop teen hulle wange af, hulle dink aan 'n lieflike moeder. En ons bid, God, dat U hulle sal seën. Vertroos hulle harte. Reik daardie Hand uit, dat buite die bereik van enigiets anders, wat na die menslike hart kan gaan, en hulle hierdie groot tevredenheid kan gee, dat ons eendag weer sal ontmoet, en ons nooit weer nog 'n begrafnisdiens Daar sal hê nie.

69 Seën haar geliefdes, haar broers, haar susters, haar kleinkinders, en haar bure.

70 En hierdie kerke, Here, ons weet hoe lief hulle vir haar was. Soos sy tussen ons gewandel het, hulle, het sy tussen hulle gewandel. En tesame, saam met hulle, Here, deel ons—ons hierdie wedersydse gevoel, dat ons haar liefgehad het. En ons gee uiting aan ons—ons dankbaarheid teenoor U, vir haar lewe.

71 Vorm ons, Here, en maak ons, dat ons, ook, wanneer ons by die einde van die pad kom, gereed mag wees om U te ontmoet. Vergewe ons baie sondes, O Ewige God. Wees ons genadig, Here, want ons is swak en vermoeid.

72 En ek bid dat U ons vertroosting sal gee, vanmiddag. Mag ons dit vind in hierdie woorde waaraan uiting gegee is uit U Woord, deur die verskillende predikers, en hulle wat georden is om sodanige te bring, en deur die bure en vriende. Mag ons daarin vind, met die getuienis van—van die blomme, en die bome, en die sonskyn, die blare, en—en bo alles, met die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, wat getuig van die opstanding van Christus. "Ek sal julle nie troosteloos agterlaat nie. Ek sal tot die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee, en Hy sal vir ewig bly." O, hoe het ons Hom nie lief nie, Here! En hoe waardeer ons dit dat U Hom na ons gestuur het, om ons hierdie geseënde versekering te gee in die ure en tyd van probleme.

Gee ons nou krag vir die verdere koms van die diens.

73 Ek wil 'n iets spesiaals vra, Here, sommer nou vir hierdie seuns wat hier in die uniform sit. Geseënd sy daardie seuns, waar hulle sal moet terugkeer na hulle geledere. Maar ek bid, Here, dat op daardie dag. . . Ons waardeer hierdie uniforms wat hulle nou dra. Maar mag moeder se gebed beantwoord word: mag hulle gekleed wees in die heiligheid en geregtigheid van Jesus Christus, op daardie dag. Die dogters, en almal tesame, Here, dis wat ons

wil wees, die Christensoldate, ware sterk geloof. Lei ons en rig ons tot op daardie dag, Here, wanneer ons weer ontmoet.

74 Ons dank U nou vir haar lewe, en bid dat U met ons almal sal wees totdat ons almal aan U voete ontmoet. In Jesus se Naam vra ons dit. Amen.

UITINGE AFR62-0313
(Expressions)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagmiddag, 13 Maart 1962, vir Suster Mary Bell se begrafnis by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org